DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
SEDERT 1963

# menlo-insig

Insig 9/2026– 11 Maart 2026

## Beste Menlo

Daar word gesê dat Moeder Natuur 'n trotse leermeester is, maar haar klaskamer lyk anders as die geboue op Menlo-bodem. In Juffrou Natuur se klaskamer is daar geen dak, presensielys of mure nie. Jy sal nie elke uur 'n klok hoor lui nie en van 'n wisselrooster is daar geen sprake nie. Juffrou Natuur se taal is nie tot die gebruik van woorde beperk nie en sy het ook nie 'n punteboek nie. Haar sterreprag kan nie in 'n museum vasgevang word nie en haar beeldhouwerk sal jy in geen kunsgalery opspoor nie.

Tog is sy 'n spesialis op die gebied van aanpasbaarheid, werksetiek, kuns, musiek, simmetrie en spanwerk. Kyk na die mier om van produktiwiteit te leer. Kyk na die by om die waarde van spanwerk te besef en kyk na patrone in die ruimte en natuur – die perfekte toepassing van wiskundige verhoudings.

Wanneer die son in Januarie fel op Menlo-bodem skyn, is dit tyd vir atletiek, krieket en swem. Namate die dae korter word en die oggende koeler, is dit tyd om die stemme op te warm, redenaarskaartjies uit te knip en vir wintersport aan te tree. Die eerste lesse oor spanwerk is vandeesweek hier geleer en alhoewel daar nog ruimte vir verbetering is, weet ons vir seker: Spanwerk halveer die moeite en verdubbel die pret. Of dit nou in 'n Wiskunde-olimpiade of op die koorbanke is, op die netbalbaan, hokkie- of rugbyveld en selfs by die redenaars – by Menlo werk ons saam, sweet ons saam en lag ons saam.

Excelsa Petamus!



**TEKSVERS VIR DIE KWARTAAL**

**PSALM 121**

Ek kyk op na die berge: waarvandaan sal daar vir my hulp kom? My hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het. Hy sal nie toelaat dat jy struikel nie; Hy wat jou beskerm, slaap nooit nie. Waarlik, die Beskermer van Israel sluimer nie in nie en Hy slaap nie. Die Here beskerm jou, die Here bewaar jou van alle gevare. Bedags sal die son jou nie steek nie en snags sal die maan jou nie kwaad doen nie. Die Here sal jou beskerm teen alle gevaar, jou lewe sal Hy beskerm. Hy sal jou beskerm waar jy ook gaan, nou en vir altyd.

# KOMMUNIKASIE

## Ekstra klasse: Wiskunde en Wetenskap

Die rooster is op Ed-admin beskikbaar.
Documents—Parents—Akademie—Ekstra klasse.

## Ed-admin

Menlo-kode: 599 649.
Daar verskyn gereeld nuwe inligting op die toepassing.
Kyk gerus onder Documents—Parents.

Die skool se gedragskode is op Ed-admin beskikbaar.

## Menlo-ouers wat omgee

**Menlo-ma's wat bid**
Donderdae (07:30) in die koshuis se sitkamer.
Kontak: 082 579 4968
Volg gerus die skakel na die WhatsApp-groep.

**Menlo-pa's wat bid (Watchmen)**
Elke tweede Vrydag (06:00) in die Menlo-klubhuis.
Kontak: 082 457 6526

## Reünies

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **20 Maart** | 20 jaar | 2006 | **10 April** | 60 jaar | 1966 |
| **17 April** | 50 jaar | 1976 | **22 Mei** | 10 jaar | 2016 |
| **7 Augustus** | 30 jaar | 1996 | **21 Augustus** | 40 jaar | 1986 |
| **18 September** | Groepreünie: 1971, 1981, 1983, 1991, 2001, 2011 & 2021 | | | | |

## Fotobestellings

Volg die **skakel** om die galery oop te maak.

Klik op u kind se klasfoto.

Voltooi u e-posadres.

Wagwoord: **Menlo2026**

Klik "Open".

**Navrae**: Karen van Miracles Photography by karen@miraclesphoto.co.za of 082 899 0358.

**Sluitingsdatum vir finale bestelling: 13 Maart 2026.**

# KOMMUNIKASIE

## Skool sluit

Die skool sluit op Donderdag, 26 Maart 2026 om 14:00.
Die skool open op Woensdag, 8 April 2026.

## Rapporte

Rapporte sal op 27 Maart 2026 op Ed-admin beskikbaar wees.
Klik op u kind se profielfoto.
Kies Report Card.

## Toetsrooster: Kwartaal 2

Die toetsrooster is op Ed-admin beskikbaar.
Kies Documents—Parents—Akademie.

## Openbare vakansiedae

28, 29 en 30 April is gewone skooldae.
Assesserings en buitekurrikulêre aktiwiteite gaan voort soos wat dit in die Werkplan geskeduleer is.

## Siektetoetse

Die skool bevestig die reëlings rondom siektetoetse:

Assesserings wat op 'n Maandag, Dinsdag of Woensdag as gevolg van siekte misgeloop word, word die daaropvolgende Maandag afgelê.
Assesserings wat op 'n Donderdag of Vrydag as gevolg van siekte misgeloop word, word die daaropvolgende Woensdag afgelê.
**Siektetoetse word voor skool afgelê.**
Leerders mag slegs 'n siektetoets aflê indien 'n doktersbrief ontvang is.
Doktersbriewe word per e-pos aan vakonderwysers en klasvoogde gestuur.
Personeel se kontakbesonderhede is op die webblad beskikbaar.

## Wintereksamenrooster


Die wintereksamenrooster sal voor die einde van die kwartaal op Ed-admin beskikbaar wees.

# KOMMUNIKASIE

## Menlo-mediasentrum

### Heartless

Marissa Meyer




Long before she became Lewis Carroll's tyrannical Queen of Hearts, Catherine Pinkerton was just a girl who wanted to fall in love.

Catherine is one of the most desired girls in Wonderland and a favourite of the unmarried King of Hearts. However, she dreams of something else: opening a bakery with her best friend. Her mother believes this is unthinkable for a girl who could become the next queen.


Then Cath meets Jest, the handsome and mysterious court joker, and she experiences true attraction for the first time. Despite the risk of angering the king and her parents, they begin a secret romance. Cath wants to choose her own future, but in a land full of magic, madness, and monsters, fate has other plans.

Heartless is a magical retelling of the origin of the famous Queen of Hearts and a must-read for fans of Alice in Wonderland.

## Brokkies Menlo-geskiedenis

Met die oog op die wintersportseisoen wat voorlê, gee ons 'n terugblik oor die seisoen van 1980!







## Afrikaans 101: Het jy geweet?

"Op pad" is altyd twee woorde.

# ORKES

## KENMEKAAR

Dit is 'n geskiedkundige jaar vir die Menlo-orkes! Dié musikale Menloparkers het vroeër vanjaar vir die eerste keer op 'n *ander* bodem gaan kamp en verlede week vir die eerste keer as gasheer vir 'n kenmekaar-aand opgetree. Die orkeste van AHMP, Pretoria Boys High School en Hoërskool Waterkloof het op Menlo-bodem besoek afgelê waar hulle deur die Menlo-maestro, mnr. Eddie Clayton, onder hande geneem is.

Die massa-orkes het verder daarin geslaag om geskiedenis te maak deur die Avengers-temalied sommer in 'n japtrap te bemeester. 'n Heerlike piekniek en gesellige samesyn het verseker dat die aand op 'n hoë noot afgesluit is.











# ATLETIEK











## UITSLAG: GAUTENG-KAMPIOENSKAP

**GAUTENG-SKOLEREKORD**

| | | |
|---|---|---|
| Joshua Gerber | O. 19 | Diskus |

**GOUEMEDALJEWENNERS**

| | | |
|---|---|---|
| Emma-Lee van der Westhuizen | O. 17 | 200 m |
| Jané Sieberhagen | O. 15 | 1 500 m-hindernis |
| Nathan Atkins | O. 15 | 400 m & 300 m-hekkies |
| Tommie Cronje | O. 15 | 1 500 m-hindernis |
| Zanta Lourens | O. 17 | 2 000 m-hindernis |
| Shiloh Snijders | O. 17 | Diskus & gewigstoot |
| Joshua Gerber | O. 17 | Diskus |
| Chris Swanepoel | O. 19 | Hamergooi |

**SILWERMEDALJEWENNERS**

| | | |
|---|---|---|
| Izel de Beer | O. 19 | 400 m |
| Milané Moolman | O. 15 | 300 m-hekkies |
| Melandi Bosman | O. 15 | Driesprong |
| Roline du Plessis | O. 15 | Gewigstoot |

**BRONSMEDALJEWENNERS**

| | | |
|---|---|---|
| Genelle Roode | O. 15 | 400 m |
| Luan Visser | O. 17 | 100 m-hekkies |
| Ziané van der Berg | O. 19 | 400 m-hekkies |
| Janike Viljoen | O. 19 | Diskus |
| Chris Swanepoel | O. 19 | Diskus |

**VIERDE PLEKKE**

| | | |
|---|---|---|
| Roxi-Lee Fick | O. 19 | 800 m |
| Lindsay Heyns | O. 15 | 90 m-hekkies |
| Melandi Bosman | O. 17 | Verspring |
| Ivanke Hanekom | O. 15 | Diskus |

**VYFDE PLEK**

| | | |
|---|---|---|
| Jané Sieberhagen | O. 15 | 1 500 m |

**SESDE PLEKKE**

| | | |
|---|---|---|
| Anneke Steynberg | O. 17 | 2 000m-hindernis |
| Sunel Burger | O. 15 | 90 m-hekkies |
| Lara de Klerk | O. 15 | Spiesgooi |

# TENNIS

## SHOCKING. POSITIVELY SHOCKING...

(Goldfinger, 1964)



Komaan, erken dit. Wanneer ’n mens aan ’n  dobbeldorp soos Sun City dink, dink jy eers aan James Bond en Ocean’s Eleven. Die wêreldbekende Sun City Gholftoernooi en Menlo Mixit Tennistoernooi is egter ’n kort kop agter. Dit sal egter nie meer vir lank so wees nie, want die Parkie-tennissterre het die toernooi in egte Bond-styl verower en Menlo Mixit sal voortaan die eerste gedagte wees wanneer mense aan Sun City dink.

In die opponente se kamp is die woorde: “I’m sorry. That last shot nearly killed me (Casino Royale, 2006)” dikwels gehoor. Hulle het natuurlik die fout gemaak om te dink “We have all the time in the world (On Her Majesty’s Secret Service, 1969)” om die Parkies te wen. Die Parkies kon dadelik antwoord met: “What makes you think this is my first time (Skyfall, 2012)?” en die oorhand gekry, want “the Parkies never miss (The World Is Not Enough, 1999)”. By tye was dit vir die teenstanders ’n kwessie van “I only need one (The Man With The Golden Gun, 1974), ” maar hulle pogings was tevergeefs.

Aan die einde van die toernooi het die volgende woorde deur Sun City geëggo: “Dis Park. Menlopark.”

Baie dankie aan Menlo-tennis vir ’n heerlike toernooi in die Sonstad waar die senior A-span as wenners uit die stryd getree het en 50 Parkies hulleself terdeë geniet het.

**UITSLAE: GERRIE BERNER-TOERNOOI**

Menlo se eerstespan (Megan Fourie, Nelia Theron, Sonel Maritz, Nina Jansen van Vuuren, Melissa Meyer, Mika Keet en Simoné van Zyl) behaal die sewende plek uit twaalf skole.

# WINTERSPORT




## OP JULLE MERKE!


Die aksie op die rugbyveld, astro en netbalbaan het vandeesweek in alle erns afgeskop.

| | |
|---|---|
| Rugby | Die C– en D-spanne was teen Rietondale in aksie. |
| Netbal | Die netbalspanne het na Rustenburg gereis. |
| Seunshokkie | Ons eerstespan het hulle staal in Potchefstroom gewys. |
| Dogtershokkie | Die A-spanne het na Durban gereis waar hulle aan die Coastal Hockey Festival deelgeneem het. |

Die tellings is op die skool se splinternuwe uitslaetoep (skakel hiernaas) beskikbaar.

# BELANGRIKE GEBEURE

## DIÉ WINGERDGALA



*Waar uitnemendheid en erfenis ontmoet.*

*Sluit by ons aan vir 'n onvergeetlike aand van samesyn en ongeëwenaarde elegansie, terwyl uitstaande wyn en ander items van topgehalte ten bate van die skool se buitekurrikulêre program opgeveil word.*

*Gaste word met 'n duursame leergeskenk asook spys en drank uit die boonste rakke bederf.*

19 Maart
2026
18:00
LOFT AT NINE
Drag: Deftig

Koste: R9 600 per tafel
(agt persone per tafel)

Seremoniemeester: Arnold Geerdts
Vermaak deur Neil Somers
Afslaer: Carl Vos
Navrae: danie.erasmus@menlopark.co.za

DIE HOËRSKOOL MENLOPARK · EXCELSA PETAMUS




**Registreer asseblief hier**

# PARKIE-ENTREPRENEURS

## Is jy 'n Parkie-entrepreneur?

Die Insig wil jou graag help om bewustheid van jou produk en onderneming te skep.

STUUR ASSEBLIEF 'N A6-ADVERTENSIE (AS 'N JPEG OF PNG) NA ANLIE.DICKS@MENLOPARK.CO.ZA.


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS

MASTER BBQ

Charcoal: 4 kg / R40
Firelighters: R20 / pakkie

Rousseau 065 742 7285

Aflewering binne 6 km van
Hoërskool Menlopark
Ek werk vir my koortoer!







Libby's Cookies
063 589 5019

Flavours:
- Chocolate Chip Cookies
- White Chocolate & Toffee Cookies

*Mix & match your flavours as you like!*



Single cookie - R14
Boxes of 4 cookies - R55
Boxes of 6 cookies - R80
Boxes of 10 cookies - R120

Collection is at school
WhatsApp
063 589 5019

# MARKPLEIN

## WIL U IN DIE MENLO-INSIG ADVERTEER?

Stuur 'n e-pos na

insig@menlopark.co.za

**Beskikbare opsies**

Handelsnaamadvertensies

Geborgde inhoud

Borg 'n Insig











canyoncafē
RY
WÊRELDKLAS
Nou oop in Menlo Park
Ontdek die volledige Canyon-ervaring by ons winkel in Menlo Park, Pretoria. As die amptelike verspreider vir Canyon Bicycles, bied ons wêreldklas pad-, grondpad- en bergfietse, top-gehalte bykomstighede en kundige diens vir fietsryers wat net met die beste tevrede is.
Maar kwaliteit eindig nie by ons fietse nie. Ons winkel beskik oor in-huis professionele massering en chiropraktiese sorg, spesiaal gefokus op fietsryers. Of jy herstel ná 'n harde rit, beserings wil voorkom, of jou liggaam fyn wil instel vir topprestasie — alles is onder een dak beskikbaar.
Ry harder. Herstel slimmer. Ervaar wêreldklas fietse en herstel hier in Menlo Park, Pretoria.
canyoncafē
Menlo
"Kom kyk gerus, jy sal nie spyt wees nie"
Adres: Nr 30, 26ste Straat, Menlo Park, Pretoria
Kontak: 084 290 3761 or 082 898 8667
Web: www.canyoncafe.co.za




LIG-LAG-LEKKER
MARKIEDAG
#Damesoggend2026
Laerskool Lynnwood
SATERDAG, 21 MAART 2026
08:30 - 13:30
(Sien verloop van oggend)
by Laerskool Lynnwood
Laerskool Lynnwood
Hoop · Glo · Dien
Hier volg alles wat jy moet weet




Scan the QRCODE above to join the whatsapp group
UNLIMIITED PRAYER FRONTIERS
INTERSCHOOL
DAD'S
PRAYER
INITIATIVE
HOSTED BY;
DIE HOËRSKOOL MENLOPARK'S DADS PRAYER GROUP
LEON COETZEE
THURSDAY, 19 MARCH 2026. TIME: 18:00 - 20:30
PLACE: DIE HOËRSKOOL MENLOPARK CLUB HOUSE
WHO ARE INVITED: ALL DADS FROM ALL SCHOOLS IN THE EAST OF PRETORIA
Join Leon Coetzee from Unlimited Prayer Frontiers for an evening of strategic prayer and intersession for our schools and their people.
Let's stand in Unity as a regional school community striving together for spiritual protection for our children.




Die Hoërskool Menlo
Park Girls
Gel Pedicure
R160
Two girls • One price
Open weekdays at 7 AM - 5 PM
Saturdays 7 Am-14 PM
Book Now
Arctic Moss 0648508709 •
732 Jacqueline Drive Garsfontein Pretoria




EXCELSA PETAMUS

MENLOBOND

ALUMNI & VRIENDE VAN MENLO

LYNNWOOD
PADEL PARK